

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
20 Januarie 1980

Onderwerp: Die Boek van Beloftes

Lees: Maleági 3 verse 1 tot 7

Teks: Maleági 3 vers 1

“Die Bybel is die Woord van God aan die mens:
“n Woord wat met gesag wil spreek in ons daaglikse
lewensprogram;

“n Woord wat wil troos en bemoedig;

“n Woord wat wil vermaan en bestraf;

“en wat in alles die lamp vir ons voet en die lig vir
ons pad wil wees.

“En wanneer ons begin delf in die myn van God se
genade, sy Woord aan ons en sy gesprek met ons, dan
ontdek ons spoedig dat ons in die Woord van God
beskik oor ’n boek van beloftes.

“Dit is sekerlik nie moontlik om by een geleentheid,
in die bestek van ’n kort preek, ’n volledige lys te maak
van al die wonderlike beloftes wat daar in die Woord
van God opgesluit lê nie. Omdat ons nie wil verdwaal
tussen al die beloftes van God nie en omdat dit seker
baie min sin sou hê om ’n sistematiese lys van al die
beloftes te maak, wil ons hier net een besondere
belofte tussen al die ander uitlig.

“Mag dit dien tot aansporing vir elkeen wat dit
aanhoor om self te gaan soek na die rykdom van God
se beloftes en hoe dit in hulle eie lewens vervul is.

“En dan moet ons ook soos Paulus sê wanneer hy
aan die Korinthiërs skrywe: ‘Want hoeveel beloftes van
God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom
amen, tot heerlikheid van God deur ons.’ (2 Kor 1:20)

““En ons moet saam met die Psalmis getuig:

‘Die Heer wat van g’n wankel weet nie
sal nimmer sy verbond verbreek nie.

Al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.’

“As ons een besondere belofte in hierdie boek van
beloftes moet uitsonder, dan moet ons die hoofbelofte
noem; dié belofte wat ons in die eerste Bybelboek vind
en wat dwarsdeur die Ou Testament gedra is tot by die
laaste boek van die Ou Testament, toe Maleági die
woord gespreek het wat ons vanaand as teks neem:
‘Kyk Hy kom’.

“In die heel eerste boek van die Nuwe Testament, in Matthéüs, begin ons by die waarmaking van hierdie belofte, wanneer die geslagregister vir ons klem lê op die historisiteit van Jesus. En die laaste boek van die Bybel, Openbaring, sluit af met ’n herhaling van hierdie belofte.

“Wat sou hierdie belofte wees?

“Niks anders nie as die sentrale belofte van die Evangelie, die belofte van Jesus Christus wat gekom het en weer sal kom.

“In Génesis 3 kry ons die Woord uit die mond van God self as Hy sê: ‘En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.’ (Gen 3:15)

“Dit is die eerste belofte van die Messias wat sou kom om die drama in die tuin van Eden te kom uitwis in die oorwinning van die kruis van Golgota.

“En hierdie belofte van die koms van Jesus Christus sweef deur die bladsye van die Ou Testament en bind die boodskap van die Ou Testament saam tot die eenheid van een groot belofte, ’n belofte wat aan die einde van die Ou Testament deur Maleági herhaal word: ‘Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaie.’ (Mal 3:1)

“Hy kom. Hy, die Een van wie die profeet Jesaja gesê het: ‘... ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Verdevors’. (Jes 9:5)

“Hy van wie Sagaria in vreugde uitgeroep het: ‘Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel - op ’n jong esel, die vul van ’n eselin.’ (Sag 9:9)

“En dan na eeue van swye tussen die twee Testamente, begin die Nuwe Testament met die boodskap van versekering dat Hy gekom het. Daarom staan die geslagsregister van die historiese Jesus in die begin van die Evangelie van Matthéüs as heerlike bevestiging van die waargemaakte beloftes van die Ou Testament.

“Hy het gekom. God het mens geword. ‘En die Woord het vlees geword’ sê Johannes, ‘en het onder ons gewoon’. (Joh 1:14)

“God het sy beloofde Woord gehou. Geliefdes en nou sou ’n mens geneig wees om te dink dat hiermee ’n einde gekom het aan hierdie belofte van die HERE,

omdat Jesus Christus gekom het soos die HERE beloof het. Hy het hel en dood kom oorwin; die slang se kop kom vermorsel deur tot die einde toe gehoorsaam te wees; en die byt in die hakskeen verduur in sy sterwensuur aan die kruis.

“Maar om die belofte hier kort te sny, sal wees om die volle waarheid te verswyg en om die aanspraak van God op ons lewe en op ons gewete te misken.

“Dit is só. Hy hét gekom. Maar op die dag van sy hemelvaart het Hy weer weggegaan, is Hy voor die oë van sy dissipels opgeneem in die hemele en het Hy gaan sit aan die regterhand van God. En as ons hier na die woorde van die geloofsbelydenis kan gryp, dan sal u wel die voortsetting van die Ou Testament se belofte daarin hoor: ‘... vanwaar Hy sal kom...’ (Apostoliese Geloofsbelydenis)

“Hoor u dit? Hierdie belofte van God gaan voort. Dit is wat die Here Jesus ook vir Johannes op Patmos laat sien het en wat Hy in die laaste hoofstuk van Openbaring en die laaste verse van die Woord laat opteken het: ‘Hy wat dit getuig, sê: ‘Ja, Ek kom gou.’ (Open 22:20)

“As u wil weet hoekom Hy dan so traag is om te kom; as u wonder hoekom daar nou al ongeveer twee duisend jaar verloop het sedert Jesus Christus se eerste koms en nog is die einde nie daar nie; dan moet u kyk na wat Petrus sê in hierdie boek van beloftes: ‘Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.’ (2 Pet 3:9)

In sy lankmoedigheid rek Hy die tydsduur van sy belofte uit, om ook aan ons die geleentheid tot bekering te gee. Die roep van Maleági is ook die roep van God na ons: ‘Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskaare.’ (Mal 3:7)

“Hy wat opgevaar het na die hemel sal weer kom. Dit is ook die belofte wat ons het uit die mond van die engele van God: ‘Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.’ (Hand 1:11)

“Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.

“Geliefdes, God beloof dat Hy u en my tot rekenskap sal roep oor ons werke. En hierdie belofte sal bewaarheid word, want dit hang ten nouste saam met die seker belofte van sy koms.

“Daarom is hierdie belofte eintlik niks anders nie as die roep van God na ons, om ons tot Hom te bekeer en

te lewe tot sy eer; en om elke dag te leef in die verwagting dat Hy kom.

“Kan u ook soos Johannes sê? ‘... ja, kom, Here Jesus!’ (Open 22:21)

“‘Maranáta’ - die Here kom.

“Amen.”

Kommentaar:

Mag hierdie boodskap ons oë oopmaak om God se beloftes in die Bybel raak te sien; en veral daardie beloftes wat reeds in ons eie lewens vervul is.

Dink byvoorbeeld aan die beloftes in die Ou Testament in Psalm 103 verse 10 tot 13 wat in elkeen vervul is wat Jesus Christus as Verlosser aangeneem het:

“Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos ’n Vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.”